# 80ste Verjaarsdag word in styl gevier

80 jarige ouderdom is 'n mylpaal wat nie vir almal beskore is nie. Op hierdie ouderdom het Judy Kemp op Saterdag saam met haar dogter Lena-Marie Swanepoel en ander vriendinne haar verjaarsdag by die Fraaihuis Kwekery gevier. Almal teenwoordig het hierdie met 'n *high-tea* gevier. Dit was nou 'n stylvolle verjaarsdag waar daar om tafels met fyn keurige eetgoed heerlik gekuier was.

Judy Kemp is 'n vrou van vele talente. Sy was in haar jonger dae 'n lugwaardin totdat sy in die huwelik bevestig is met Michael Kemp. Daarna was sy 'n ontvangsdame by die Trust Bank. Uit haar huwelik met Micheal is daar twee kinders gebore. Pierre is die oudste seun wat saam met sy pa op Craig Dune in Heilbron boer. Lena-Marie is tans woonagtig in Pietersburg. In Heilbron het Judy destyds by Baby-Naude Agentskappe gewerk. Daarna was sy 'n telefonis en ontvangsdame by die Heilbron Munisipaliteit tot en met 1999 so ook 'n boervrou en huisvrou tot en met hede.



*Op die foto vl: Laurette Naude, Quarta Pretorius, Carine Germishuys, Annatjie Kemp, Sannette Muller, Judy Kemp, Lena-Marie Swanepoel, Nonna Roos, Ellen Marais en Wendy Roos.*



*Op die foto vl: Nonna Roos, Judy Kemp, Laurette Naude en Wendy Roos.*


OORPAKKE EN STEWELS VIR DIE PLAAS

Herald Office National

**Brand** jou oorpak met jou logo.

Elsstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033 | Faks: 058 853 0140 | E-Pos: herald@heilbron.co.za of marketing@heilbron.co.za




